

DONKERMAAN



CECILIA ATKINS

Bibliotekaris, Moorreesburg
Biblioteek

Die doelstellings van die Moorreesburg Leeskring, soos vervat in die konsepgrondwet wat op die stigtingsvergadering op 2 Februarie 1971 voorgelees en aanvaar is, is kortliks die volgende:

- om belangstelling vir en kennis van Afrikaanse en Nederlandse boeke te bevorder
- om Afrikaans suiwer te praat, en
- om die handhawing van die Afrikaanse taal te help bevorder:

Dit word gedoen deur die lees en bespreking van 'n verskeidenheid boeke, te wete romans, reisverhale, kortverhale, sketse, dramas, kinderboeke, poësie, ensovoorts. Nuwe Afrikaanse woorde en uitdrukkings word voorgelê en aangeteken.

Boeke word nie aangekoop nie, maar van die plaaslike biblioteek geleen. Oorwegend Afrikaanse boeke word gelees en bespreek. By twee geleenthede is, met toestemming van die vergadering, 'n Engelse werk gelees

en bespreek. Aan die einde van elke jaar word die volgende jaar se leeslys aan die biblioteekpersoneel voorgelê. Hulle verseker dan dat die boeke maandeliks aan die leeskring beskikbaar gestel word. Op aan-

vraag van leeskringlede word alle beskikbare literatuur oor 'n spesifieke boek vanaf die naslaanbiblioteek aangevra. Sonder die voortrefflike diens en ondersteuning van die biblioteekpersoneel sal die leeskring nie kan funksioneer nie. Ledegeld is jaarliks betaalbaar, maar omdat dit minimaal is en geen groot fondsinsamelings gehou word nie, kan die leeskring nie groot funksies aanbied nie. Nietemin is funksies al in die verlede aangebied en is Daniel Hugo, E Kotze en Lukas Malan op afsonderlike geleenthede genooi om die leeskring toe te spreek.

Alhoewel Brink se **Olé** en **Houd-den-bek** 'n aantal jare gelede deur die leeskring bespreek is, is kortliks weer op die skrywer gefokus omdat ou lede dikwels bedank en nuwes aansluit.

Donkermaan

Die volgende verhaalelemente in **Donkermaan** is aan leeskringe voorgehou: Ruben Olivier is 'n oud-bibliotekaris wat weens regstellende aksie gedwing is tot vroeë aftrede. Hy voer 'n eensame bestaan in sy huis tussen sy boeke en voel homself gedwonge om te skryf, maar daar kom nie veel van nie. Op aandrang van sy kinders adverteer hy vir 'n loseerder en Tessa Butler trek by hom in.

Veral drie vroue beïnvloed Ruben se lewe:

- Tessa op wie Ruben verlief raak ten spyte van haar leuens en talle seksuele verhoudinge;
- sy huishulp, Magrieta, wat jare reeds deel is van die huishouding en deur wie die lydensgeskiedenis van die bruin mense leer ken word; en
- die slavin, Antje van Bengale, wat as spook in die huis rond dwaal.

Net so lewenswaar as wat hy Suid-Afrika tydens die apartheidjare uitgebeeld het, skets Brink in **Donkermaan** post-apartheid. Suid-Afrika se sosiale beeld is een van verval en agteruitgang. Moord, geweld en verkragting kom daagliks voor en die administratiewe en maatskaplike stelsels is besig om te verval. Spanning word geskep en behou deur die feit dat Ruben wat so verlief is op Tessa en haar so intens begeer, haar nooit besit nie.

Dit bly egter by begeerte, daar is nooit vervulling nie - anders as in **Die ambassadeur** waar 'n middeljarige man ook deur 'n jong vrou verlei word, maar 'n sterk seksuele verhouding uitgebeeld word. In **Donkermaan** bly die begeerte onvervulbaar en Tessa bly 'n onbekende; haar voorstellings word bepaal deur die begeertes van die verteller net soos wat die maan weens die skaduwee van die aarde voorgestel word as 'n donkermaan.

Leeskringlede het die boek geniet. Weer het Brink 'n maklike leesbare storie vertel. Verder was al die Brink-kwaliteite in die verhaal. Selfs al sou die verhaalelement van enige van sy werke nie interesseer nie, regverdig Brink se uitmuntende taalgebruik die lees van sy werke. Ook **Donkermaan** getuig van sy literêre begaafdheid. Daar is egter gevoel dat **Donkermaan** nie juis beter is as sy ander romans nie, maar dat dit gepas is dat hy vereer is vir sy literêre begaafdheid. Die Hertzogprys kom hom toe.